higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

TOERISMEWETENSKAP
NKR VLAK 3

XX Februarie 2020

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 8 bladsye.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1
- Toeganklikheid vir gestremde besoekers (rolstoele, geriewe vir dowe mense)
- Beskikbaarheid van wegbreekkamers
- Uitstalruimte
- Afleweringsruimte (4)

1.2
- Die afstand van die huis af
- Aanvangskoste
- Omgewingsfaktore
- Kapitaal
- Die behoefte aan opleiding en opvoeding
- Die lewensvatbaarheid van die selfwerksaamheidsgeleentheid as 'n suksesvolle onderneming (6)

1.3 1.3.1 Saketydskrifte: Dit bevat stories oor suksesvolle entrepreneurs in Suid-Afrika en regoor die wêreld.✓ Dit gee ook nuttige wenke oor hoe om 'n onderneming te begin en dit te onderhou.✓

1.3.2 Internet: Daar is verskeie soekenjins wat gebruik kan word om inligting op die internet te soek.✓ Google Search, byvoorbeeld, kan baie webblaaie oor die gevraagde inligting verskaf.✓

1.3.3 Koerante: Die Geelbladsye bevat 'n lys van amper al die produkte en dienste wat klein ondernemings kan verskaf.✓ Deur die verwysingsindeks aan die einde van die Geelbladsye deur te lees, kan jy in 'n kort tydjie oor die produkte en dienste uitvind.✓

1.3.4 Praat met mense wat jy ken: Praat met jou familielede, vriende, kollegas en sakepersone✓ en vind uit of hulle moontlike idees vir klein ondernemings teëgekom het.✓

(4 × 2) (8)

1.4
1.4.1 Waar
1.4.2 Onwaar
1.4.3 Waar
1.4.4 Waar
1.4.5 Waar
1.4.6 Onwaar
1.4.7 Onwaar
1.4.8 Waar
1.4.9 Onwaar
1.4.10 Waar

(10 × 1) (10)

1.5
1.5.1 Ongelukskade-kwytskelding
1.5.2 Diefstalverlies-kwytskelding
1.5.3 Superongelukskade-kwytskelding
1.5.4 Superdiefstalverlies-kwytskelding
1.5.5 Persoonlike ongevalleversekering

(5 × 1) (5)

Kopiereg voorbehou

1.6 1.6.1 D
1.6.2 E
1.6.3 A
1.6.4 F
1.6.5 B
1.6.6 C
1.6.7 G

(7 × 1) (7)
[40]

VRAAG 2

2.1 2.1.1 Plaaslike en internasionale toeriste kanselleer hulle toere na Kaapstad.✓ Voornemende besoekers is bekommerd oor die waterkrisis✓ en gebeurlikheidsplanne vir Dag Zero.✓ Solank as wat daar onsekerheid oor die waterkrisis is, sal daar 'n impak wees.✓ Sowel groot as klein ondernemings sal in die nood wees as toeriste hulle toere kanselleer, en dit kan daartoe lei dat baie mense hulle werk verloor.✓ (5)

2.1.2 **'Ons deure is oop vir toerisme'**

Toerisme Suid-Afrika, die Wes-Kaapprovinsie en die stad Kaapstad is daartoe verbind om te verseker dat ons besoekers, sowel plaaslik as internasionaal, hulle verblyf in Kaapstad geniet.✓ Alle toeristegebiede het genoeg water vir u gemak✓ en word nie deur die waterkrisissituasie geaffekteer nie.✓ Kaapstad se eerste prioriteit is vir al ons besoekers om welkom en gemaklik te voel wanneer hulle ons ikoniese besienswaardighede besoek✓ en ons konferensieplekke en verblyf besoek.✓ (5)

2.1.3 10 miljoen toeriste (1)

2.1.4
- Tafelberg
- Robbeneiland
- Lang sanderige strande
- Natuurlike skoonheid (4)

2.1.5 Hulle reis regoor Kaapstad en Suid-Afrika om Kaapstad te bemark.✓ Hulle het 'n vennootskap met New York City✓ and Company gestig om die stad se toerisme oorsee te bemark.✓ Die stad se hoofaantreklikhede sal op 62 bushokkies✓ en 1 000 Link-kiosks regoor New York se vyf buurte ('boroughs') verskyn.✓ (5)

2.1.6 Dit is die verantwoordelikheid van al die inwoners en ondernemings in Kaapstad om te sorg dat hulle water spaarsamig gebruik.✓ Hulle moet water minimaal in hulle huishoudings gebruik✓ en water herwin, byvoorbeeld deur badwater te gebruik om toilette te spoel en tuine nat te maak.✓ Hulle moet ook water by die aangewese punte gaan haal om te keer dat hulle te veel water uit krane gebruik.✓ Hulle moet enige lekplekke wat tot watervermorsing kan lei, rapporteer.✓ (5)

2.2 2.2.1 Sosiale omgewing: Ook bekend as die sosio-kulturele omgewing,✓ dit verwys na die mense wat in 'n samelewing leef, en spesifiek na hoe hulle leef.✓ Geloof en kultuur bepaal watter kos mense eet, watter klere hulle dra en hoe hulle hulle vakansies deurbring.✓

2.2.2 Ekonomiese omgewing: Dit is die wêreld van geld en finansiële sake.✓ Dit verwys na die algemene ekonomiese toestand van 'n land.✓ Dit gaan oor dinge soos inflasie, die waarde van geldeenhede en wisselkoerse.✓

2.2.3 Tegnologiese omgewing: Byna elke toerisme-onderneming gebruik deesdae 'n rekenaar in sy daaglikse funksionering.✓ 'n Groot aantal toeriste het die aanlyn-manier van dinge doen aangeneem.✓ As 'n onderneming nie 'n e-posadres of webwerf het waar navrae of besprekings aanlyn gedoen kan word nie, sal dit klante verloor aan ander mededingers wat aanlyn is.✓

2.2.4 Demografiese omgewing: Demografie is die studie van die menslike bevolking✓ in terme van sy grootte, digtheid, ligging, geslag, ras, beroep en ander statistiek.✓ Die samestelling en spreiding van die bevolking het 'n invloed op die arbeidsmark en sake.✓

2.2.5 Fisiese omgewing: Dit sluit die natuurlike hulpbronne van 'n land in, soos water, grond, diere, plante en minerale.✓ Mense is van die fisiese omgewing afhanklik vir oorlewing.✓ Die kos wat in 'n land geproduseer word, hang van die fisiese omgewing af.✓

(5 × 3) (15)
[40]

VRAAG 3

3.1

GELEENTHEDE	STAD/PLEK	PROVINSIE
1. Oos-Londen Skou	(a) Oos-Londen	(b) Oos-Kaap
2. Parys Kunstefees	(c) Parys	(d) Vrystaat
3. Jozi Book Fair	(e) Johannesburg	(f) Gauteng
4. Comrades-maraton	(g) Pietermaritzburg/Durban	(h) KwaZulu-Natal
5. Sardientjieloop	(i) Durban	(j) KwaZulu-Natal
6. Magoebaskloof Lentefees	(k) Haenertsburg	(l) Limpopo
7. Innibos Kunstefees	(m) Nelspruit	(n) Mpumalanga
8. Aardklop Nasionale Kunstefees	(o) Potchefstroom	(p) Noord-Wes
9. Ghaap RiverXtreme	(q) Kimberley	(r) Noord-Kaap
10. Knysna Spoedfees	(s) Knysna	(t) Wes-Kaap

(20 × 1) (20)

3.2
- Jy het 'n besigheidslisensie nodig, wat by die munisipaliteit verkrygbaar is.
- Jy sal die naam van jou onderneming en sy perseel by die streeksraad moet registreer.
- Jy moet by SARS vir belasting registreer.
- Jy moet by die Departement van Arbeid registreer vir werkloosheids-versekering as jy werkers in diens neem.
- Jy moet aan die regulasies op gesondheid en veiligheid voldoen.

(Enige 4 × 1) (4)

3.3 Akkurate kosteberekening is noodsaaklik om te sorg dat die onderneming winsgewend is.✓ Enige aankope wat gedoen word vir die onderneming om suksesvol te funksioneer (bv. skryfbehoeftes), moet versigtig gedoen word.✓ Om die koste van die onderneming vas te stel, begin deur die vaste koste✓ en veranderlike koste te bereken.✓ (4)

3.4

AARD VAN ONDERNEMING	GELEENTHEDE IN DIE FISIESE OMGEWING	GEVARE IN DIE FISIESE OMGEWING
Wildplaas	Wilde diere op die plaas	Gronderosie
Strandoord	Strand waar toeriste kan swem	Tsoenami/orkaan
Boskamp	Voetslaanpaaie	Brande

(6 × 2) (12)
[40]

VRAAG 4

4.1 Durbanse Internasionale Konferensiesentrum/Inkosi Albert Luthuli Internasionale Konferensiesentrum (1)

4.2 4.2.1 'n Onderneming is 'n onderneming danksy sy klante. As die onderneming in 'n plek geleë is waar daar swak padinfrastruktuur is, sal klante nie daar kan uitkom nie.✓ Die onderneming sal wins verloor en uiteindelik sluit.✓

4.2.2 Verbruikers is die potensiële klante van die onderneming.✓ Hulle is die mense wat die produk koop of die diens gebruik wat deur 'n onderneming verskaf of gelewer word.✓ Vir verbruikers om by 'n bepaalde onderneming by 'n bestemming uit te kom, moet daar goeie pad- en vervoerinfrastruktuur wees.✓ Swak padinfrastruktuur sal keer dat klante by 'n bepaalde onderneming kan uitkom.✓

(Enige 2 × 1)

4.2.3 Verskaffers verskaf grondstowwe aan ondernemings. Byvoorbeeld, die restaurantbestuurder kry voedselprodukte by die verskaffer.✓ As die onderneming in 'n gebied met swak padinfrastruktuur geleë is, sal die verskaffer produkte nie betyds kan aflewer nie.✓ Die onderneming sal klante verloor.

(3 × 2) (6)

4.3 4.3.1
- Hoeveel kos die plek?
- Is toerusting en tegniese geriewe beskikbaar?
- Is spysenieringsgeriewe beskikbaar?
- Wat is die grootte van die uitstalruimte? (4)

4.3.2
- Die onderhoudvoerder kan die inligting onmiddellik opteken.
- Die onderhoudgewer kan die vrae eerlik antwoord en kan ook bykomende vrae vra indien hy/sy nie verstaan nie.
- Die onderhoudgewer kan vooraf gekeur word om seker te maak hy/sy is geskik vir die onderhoud van aangesig tot aangesig. (3)

4.3.3
- Vlak van indiensneming
- Waarde van geldeenheid
- Klante se inkomste
- Produktiwiteit
- Ekonomiese groei (Enige 4 × 1) (4)

4.3.4

Durban Geleentheidsmaatskappy
Posbus 333
Durban
1000✓

Beste Deelnemer,✓

U word vriendelik uitgenooi na ons jaarlikse Toerisme-indaba.✓ Ons bevestig graag die datum en plek as volg: 9–12 Mei 2019,✓ Inkosi Albert Luthuli Konferensiesentrum, Durban.✓

Verblyf is beskikbaar by Hilton-hotel teen R4 000 per kamer.✓ Sou u vervoer tussen die lughawe, hotel en konferensie benodig, neem asseblief kennis dat daar elke 30 minute 'n heen-en-weerdiens tussen die drie punte sal wees.✓✓

Ons sal dit waardeer as u u teenwoordigheid sal bevestig deur aan Bongani 'n e-pos te stuur by bongani@tourismindaba.co.za✓

Die uwe

Bongani Ndaba

✓Geleentheidorganiseerder

(Enige relevante brief) (10)

4.4 4.4.1 Die meeste vegetariërs eet nie vleis nie. Van hulle eet vis en hoender maar eet nie rooivleis nie.✓ Ander eet geen vleis nie maar sal eiers eet. Van hulle skakel vleis en alle suiwelprodukte uit.✓ Dit is belangrik dat die vegetariese kos apart van die vleise bedien word.✓

4.4.2 Kosjer kos word deur mense wat aan die Joodse geloof behoort, geëet.✓ Geen varkvleis word toegelaat nie.✓ Vleis- en melkprodukte mag nie saam geëet of op dieselfde bord bedien word nie.✓

4.4.3 Halaal kos is kos wat deur 'n imam geseën is, en dit word deur mense wat aan die Moslemgeloof behoort, geëet.✓ Wanneer kos vir funksies of geleenthede voorberei word, moet dit by spesifieke maatskappye bestel word.✓ Houers mag nie oopgemaak word nie, en kos word uit die houer geëet.✓

(3 × 3) (9)

4.5 Tussengangers is die middelmanne wat seker maak dat die produkte van die vervaardiger af by die verbruiker uitkom. (2)

4.6 Reisagent/toerorganiseerder (1)
[40]

VRAAG 5

5.1
5.1.1 C
5.1.2 B
5.1.3 D
5.1.4 A
5.1.5 C
5.1.6 D
5.1.7 A
5.1.8 B
5.1.9 C
5.1.10 D

(10 × 1) (10)

5.2
- Die mense word ryker
- Nuwe ondernemings maak hulle deure oop
- Infrastruktuur word opgradeer
- Buitelandse beleggers bring geld
- Die geldeenheid is sterk (5)

5.3 5.3.1 Hoë vlak van indiensneming: In lande waar die meeste mense werk het, is produktiwiteitsvlakke hoog.✓ Dit beteken dat baie groot hoeveelhede goedere en produkte vervaardig word, want die aanvraag om hierdie goedere te koop, is hoog.✓ Tegnologie is ook gevorderd,✓ infrastruktuur is in plek en min mense is arm.✓ In ontwikkelde lande word nuwe ondernemings gestig en daar is baie nuwe ontwikkeling.✓

5.3.2 Sterk waarde van geldeenheid: Die sterkte van 'n land se ekonomie affekteer die waarde van sy geld.✓ Ontwikkelde lande het 'n sterk geldeenheid.✓ Dit beteken hulle geld is baie werd in internasionale markte.✓ As die geldeenheid sterk is, beteken dit dat die geld meer waarde as dié van 'n ander geldeenheid het.✓✓

5.3.3 Klante se inkomste: Ekonomie het te doen met geld, en spesifiek met hoeveel geld die verbruiker het om uit te gee.✓ 'n Verbruiker se vermoë om 'n produk te koop hang van sy/haar koopkrag af.✓ Klante gebruik besteebare inkomste, d.w.s. die geld wat hulle oor het nadat al hulle uitgawes betaal is, om op ontspanningsaktiwiteite soos vakansies te bestee.✓ Die reisigers word gekategoriseer volgens hoeveel geld hulle verdien.✓ Die inkomstegroepe wat gebruik word, is die hoër klas, die middelklas en laer klas. Elk van hierdie groepe het 'n bepaalde besteebare inkomste en bepaalde reisbehoeftes.✓

5.3.4 Produktiwiteit: Dit is 'n aanduiding van hoe hard mense werk.✓ Die onderneming word produktief as die werkers hard werk om meer eenhede te vervaardig✓ of om 'n beter, vinniger diens te lewer.✓ In 'n toerisme-onderneming beteken produktiwiteit dat daar in die klant se behoeftes voorsien word.✓ Byvoorbeeld, in die verblyfsektor word kamers betyds skoongemaak en voorberei voordat die volgende gaste opdaag.✓

(4 × 5) (20)

5.4
- Rekenaars
- Faksmasjiene
- Internet
- Aanlyn-besprekingstelsels
- Kaartjiedrukkers
- E-pos

(Enige 5 × 1) (5)

[40]

TOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou